

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 93 van 2023**

10 Oktober 2024

Geagte Ouers/Voogde

**Formele Eksamen vir Oktober/November 2024: Graad 8 – Graad 11**

**1. Die verloop van die eksamen**

- Die leerders studeer tuis en kom slegs skool toe op die dag waarop hulle eksamen skryf. **Leerders verdaag na afloop van elke eksamensessie.** Sien die eksamenrooster vir tyd geallokeer per vraestel.
- **Sessietye**

Sessie	Graad 8 - 9		Graad 10 - 11	
1	07:20	Opening op die vierkant.	07:20	Opening op die vierkant.
	07:45	Leerders verdaag na die eksamenlokaal.	07:45	Sitpleknommers is buite A1 opgeplak. Leerlinge moet op hul geallokeerde plek sit.
	08:00	Teenwoordigheid word afgemerk.	07:50	Leerders verdaag na die eksamenlokaal.
	08:15	Vraestelle word uitgedeel.	08:00	Teenwoordigheid word afgemerk.
	08:20	Leestyd.	08:15	Vraestelle word uitgedeel.
	08:30	Eksamen begin.	08:20	Leestyd.
			08:30	Eksamen begin.
2			13:30	Leerders meld by die eksamenlokaal aan.
			13:45	Vraestelle word uitgedeel.
			13:50	Leestyd begin.
			14:00	Eksamen begin.

Formele eksamenrooster is op D6 beskikbaar.

**2. Konsessies**

Ekstra tyd en amanuenses word slegs vir leerders aan wie dit reeds toegestaan is, toegeken. Gr.8- en 9-leerders sal saam met hulle registerklasse skryf. Ekstratydlokaal vir gr. 10 en 11 is in T13.

### 3. Afwesighede en laat kom gedurende die eksamen

- 3.1 'n Mediese sertifikaat is verpligtend met 'n geldige rede en moet by die SAU ingehandig word, **voordat hy/sy** die volgende vak skryf. Indien 'n leerder 'n vraestel sonder 'n doktersbrief mis, sal hy/sy geen punte vir die vraestel ontvang nie. Briewe van ouers word nie as 'n geldige verskoning gesien nie.
- 3.2 Indien 'n leerder weens onvoorsiene omstandighede laat / afwesig vir 'n toets is, moet die ouers die skool voor aanvang van die vraestel in kennis stel.


### 4. Algemene reëls en dissiplinêre kodes

Daar word van die leerders verwag om stiptelik by die onderstaande reëls en dissiplinêre kodes tydens eksamensessies te hou.


- Die eksamenreëlings soos uiteengesit in dié omsendskrywe.
- Leerders daag slegs op met nodige skryfbehoeftes / tekenapparaat in 'n **deurskynende sakkie**. Geen tasse nie.
- Die **skoolreëls t.o.v. voorkoms (kleredrag, haarstyle, skeer, rook, ens.)** moet nagekom word.
- Geen artikels soos "walkmans", **selfone, horlosiefone**, radio's, "gameboys", "i-pods" en "mp3"-spelers met oorfone sal toegelaat word nie.
- Geen leerders sal toegelaat word om die klasse gedurende die eksamensessie te ontwrig nie.
- Geen leerder sal toegelaat **word om enige skryfbehoeftes te leen nie**.
- Geen eet- of drinkgoed sal toegelaat word nie. Indien 'n leerder 'n mediese sertifikaat het, wat aantoon dat die leerder water gedurende die sessie moet gebruik, sal dit toegelaat word.
- Geen leerder word toegelaat om die eksamenlokaal tydens die sessie te verlaat nie.

Daar sal **streng** by die vraesteldatums en -tye gehou word. **Ouers word gevra om nie versoeke te rig om enige vraestel vroeër te skryf nie. Dit kan ongelukkig nie gebeur nie.**

Vriendelike Randjiegroete



C. REINEKE  
EKSAMENKOMMISSARIS

  
P. BOOYSEN  
SKOOLHOOF

EKSAMENROOSTER		GRAAD 11			Okt/Nov 2024	
	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	
						25 Okt
						LO (1,5 uur)
						1 Nov
Sessie 1	RTT V1 (3 uur)	Afr V1 (2 uur)	Eko V1- Makro (2 uur)	Eng FAL P1- (2 uur) Eng HL P1- (2 uur)		Wisk-Alg (3 uur) Gelet V1 (2 uur)
Sessie 2	Afr V3 (2 uur)					
	4 Nov	5 Nov	6 Nov	7 Nov	8 Nov	
Sessie 1	IT V2-P (3 uur)	Wisk- Meet, trig (3 uur) Gelet V2 (2 uur)	Afr V2 (2,5 uur)	GVS (2 uur) Eko V2- Mikro (2 uur)		FW V1-Fisika (3 uur)
Sessie 2						
	11 Nov	12 Nov	13 Nov	14 Nov	15 Nov	
Sessie 1	FW V2- Chemie (3 uur)	IT V2-T (3 uur)	Gesk V1 (3 uur)	Eng FAL V2 (2 uur) Eng HL P2 (2,5 uur)		LW V1 (2,5 uur) Bes V1 (2 uur)
Sessie 2						
	18 Nov	19 Nov	20 Nov	21 Nov	22 Nov	
Sessie 1	IGO V1- Siviël (3 uur)	LW V2 (2,5 uur) Bes V2 (2 uur)	IGO V2- Meganies (3uur)	Toerisme (3 uur)		Rek V1 (2 uur) Visuele Kuns (3 uur)
Sessie 2	RRT V2- T (3 uur)		Gesk V2 (3 uur)			
	25 Nov	26 Nov	27 Nov	28 Nov	29 Nov	
Sessie 1	Geo V1 (3 uur) Drama- T (3 uur)	Rek V2 (2 uur)	Drama Prakties	Ontwerp (3 uur) Dans studies (2,5 uur)		• 2 Des VSB
Sessie 2	VSB	VSB	VSB	VSB		

- Blaai om vir verdere inligting



<p><b><u>Oggendprosedure:</u></b>  7:20- Opening op die vierkant.  7:50- Leerders verdaag na eksamenlokaal.  8:15- Vraestelle word uitgedeel.  8:20- Leestyd begin.  <b>8:30-</b> Eksamen begin.</p>	<p><b><u>Middag sessie:</u></b>  13:30- Leerders meld aan by die eksamen lokaal  13:45-Vraestelleword uitgedeel  13:50- Leestyd begin  <b>14:00-</b> Eksamen begin</p>	<p><b><u>Handboek opname</u></b> Handboeke word ingeneem op die vierkant voor die aanvang van die eksamen.   <b>VS</b>B-Verpligte Skoolbywoning: Kontrolering van Vraestelle</p>
--	--	--